

Datum: 9 September 2018

Teks: Galasiërs 5:16-25

Tema: Vrug van die Gees

Inleiding: Wat doen Heilige Gees in ons lewens?

Geloofsbelydenis van Nicea: Ons glo in die Heilige Gees wat Here is en lewend maak. Die Gees is Here soos wat Seun en Vader dit is. Hy is nie net een of ander krag nie- is Persoon net soos Vader en Seun. Dat Hy Here is beteken ons moet voor Hom buig en Hom gehoorsaam soos ons met Vader en Seun doen. Die Gees maak lewend- in skepping- aan die begin oor waters gesweef. Gees steeds elke dag nuwe lewe en lewenskrag aan alles wat bestaan. Hy bring ook lewe in gelowiges- in ons denke, oortuigings en gedrag. Hy is die Een wat mense- dood vir God en hul naaste- opwek tot lewe, tot geloof, hoop en liefde, diensbaarheid en lof.

Die praktyke (werke) van die vlees teenoor die vrug van die Gees:

Die vrug van die Gees staan teenoor werke (praktyke) van die sondige natuur. Hulle twee staan loodreg teenoor mekaar of trek jou in verskillende rigtings. Wit hond en swart hond wat in jou baklei. Werke van sondige natuur kom uit onself- ons eie sondige geneigdheid uit. Dis soos wat ons van nature sal leef as die Here se Gees nie in ons lewe in beheer is nie. So lyk dit as ek in beheer is. Vrug- produk van stille werking van God se Gees in mense. Iets wat ons ontvang- kom nie uit onself voort. Dis nie produk van ons eie pogings of opofferings nie.

Die vrug is liefde en die verskillende gesigte daarvan:

Vrug enkelvoud- eenheid wat in verskillende vorms na vore kom in ons lewe. Dis soos prisma of diamant. Liefde is nie een van die vrugte van die Gees naas die ander nie, maar die enigste vrug. Al die ander is slegs gesigte of kante van die liefde. Dis nie bak vrugte nie- eerder soos nartjie wat een nartjie is maar verskillende segmente het.

Vrug en gawes van een Gees:

Elkeen van 9 kenmerke van vrug van die Gees dui op nuwe gesindheid of ingesteldheid. Dit gaan oor Christen se houding (attitude) teenoor God, ander mense en jouself. Die vrug van die Gees is dus saak van verhoudings. Wat is gawes? Gawes- besondere vermoens wat Gees by individuele gelowiges bewerk. Ons het nie almal al die gawes van die Gees nie, maar as die Gees ons gedrag bepaal, behoort ons die volle vrug van die Gees te dra. Liefde in al Sy gestaltes. **Vir God is ons karakter belangriker as**

ons gawes: Building character must take precedence over displaying special abilities. Karakter beteken die Gees wil sekere soort mense voortbring.

Vrug van Gees is gawe (word vir ons gegee) en opdrag:

Vrug van die Gees is gawe, ons ontvang dit, maar ook opdrag. Gees maak jou vol liefde, gaan leef daardie liefde teenoor ander uit. Gees gee vir jou selfbeheersing- gaan leef nou in selfbeheersing. Ons moet ook die Gees toelaat om ons gedrag te bepaal. Laat julle lewe deur die Gees van God beheers word (vers 16). Ons lewe deur die Gees, laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal (vers 25)

Slot:

As jy mense vra hoe die Gees ons lewens wil laat lyk, dink ons aan godsdienstig, heilig, bietjie anders as ander mense. Afgesonder, eenkant, so bietjie weird selfs. 'n Lewe van wandel in die Gees sodat die vrug van die Gees in jou lewe sigbaar word, is nie 'n eenkant en snaakse saak nie. Dit is 'n alledaagse, praktiese saak. Dis 'n saak nie net van Sondag nie maar van elke dag- dis n skool en werk saak, dis na saak van alledaagse verhoudings. 'n Vrolike saak, 'n midde in die volle lewe saak. **Die vrug van die Gees is om anders in die gewone lewe te lewe.**

Amen